Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis,
om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring
wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.

- ***1 Petrus 2:5***

Die kerk bestaan uit lewende stene wat in een gebou saamgevoeg word. Ek en jy vorm deel van God se gebou, ons is ingemessel.
Om hierdie heilige priesterdom te wees vra dat ons Geestelike offers sal bring wat deur Jesus Christus welgevallig is.

Lewende Stene

Jy is ingemessel

OPENING

Hoor hoe gaan dit met elkeen (spandeer tyd saam om te luister en te ontdek)
Sê vir die Here dankie vir julle groep en dat julle saam deel van die familie van God kan wees.

KOM ONS BEGIN

- Ons roeping tot volgelinge van Jesus loop oor tot dissipelmaking.

Teks vir die reeks:
1 Petrus 2:5

*Laat julle as lewende stene opbou tot 'n **geestelike** huis,*
om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring
wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.
1 Petrus 2:5

KOM ONS LEES

Mat 28:19-20

19Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en 20leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

INHOUD & GESPREK

Ds Deon Loots praat o.a oor die roeping, identiteit en wese van dissipelskap. Jesus het dissipelmaking begin en in Mat 28 volg Sy opdrag:

- Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels

Hoe laat die opdrag jul voel?

_____

_____

_____

Waarheen neem die opdrag ons?

_____

_____

_____

Wat vra dié opdrag van my?

_____

_____

_____

VERDERE GESPREK OF NADENKE

Lees Mat 9:9-13

9 Terwyl Jesus daarvandaan verder gaan, het Hy 'n man met die naam Matteus by die tolhuis sien sit
en vir hom gesê: “Volg My!” Hy het toe opgestaan en Hom gevolg.
10 Jesus het by hom in sy huis gaan eet, en baie tollenaars en sondaars het saam met Jesus en sy
dissipels kom eet. 11 Toe die Fariseërs dit sien, vra hulle vir sy dissipels: “Waarom eet julle leermeester
saam met tollenaars en sondaars?” 12 Maar Jesus het dit gehoor en gesê: “Dié wat gesond is, het nie
'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. 13 Gaan leer wat dit beteken: ‘Ek verwag barmhartigheid en
nie offers nie.’ Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars.”

Jesus het regtig ‘n hart vir mense – ook vir jou en my. Wat se voorbeeld stel Hy vir ons?

_____

_____

_____

Wat moet my hart wees as gestuurde? Kyk na Jesaja 6

8 Toe het ek die Here hoor vra: “Wie kan Ek stuur? Wie sal ons boodskapper wees?”
Ek het geantwoord: “Hier is ek! Stuur my!”

UIT SONDAG SE EREDIENS

Wat kan jul byvoeg vanuit die eredienste van Sondag in ons kampusse?

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

MAAK VAS

Ons is die lewende stene wat ‘n verskil maak. Ons is ingemessel binne ‘n gemeente vir die opbou van God se bruid en die uitbou van God se koninkryk.
Jesus stuur sy dissipels – al sy dissipels – om dissipels te maak.
As dissiples behels ons leefwyse om ons tyd, talente (gawes) en besittings te gebruik om hierdie opdrag uit te leef vir Jesus.

Gebed
U is die Alwyse, Almagtige God en U plan is meesterlik. Help my as U kind en U dissipel om met my denke, woorde en optrede U voetspore te volg. Ek gee alles oor in U hand, alles wat ek het en alles wat ek is. Hier is ek Here, stuur my, gebruik my, lei my, leer my. Laat U liefde en genade vir my genoeg wees. Mag ek niks méér begeer as om U wil te doen en U Woord gehoorsaam uit te leef nie.

NOTAS